HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT HOKKIE

Seuns- en dogterhokkie is die grootste sportsoort in die skool met ongeveer 45 spelers per ouderdomsgroep. Ligadeelname verskaf geleentheid aan al die spelers en daar is afrigting- en wedstrydgeleenthede in die Hoërskole Makro-vlakliga. Ons word goed op provinsiale en nasionale vlak in beide bestuurs-, afrigters- en spelervlak verteenwoordig. Gedurende 2019 is Anrize Smit in 2019 vir SA o.18B-span gekies.
Die Future Klofies-hokkieklub is in 2020 gestig en spog reeds met 65 lede en het kwaliteitafrigting in kleingroepe op verskillende ontwikkelingsvlakke ten doel.

DOELWITTE

- Kwaliteitafrigting waar die nuutste tendense en vaardighede gebruik word.
- Goedopgeleide entoesiastiese afrigters wat elke kontaktyd met die spelers as ‘n geleentheid beskou. ‘n Vyfjaarplan by die aanstelling van afrigters deurlopenheid te verseker.
- Om deur Future Klofies ‘n juniorklub te stig wat aan laerskoolkompetisies kan deelneem.
- ‘n Fynbeplande, wetenskaplikuitgewerkte program per seisoen, wat jaarlikse bywoning van die beste moontlike kursusse, klinieke, toernooie en kompetisies verseker en wat Klofies uitdaag om te verbeter.
- Die doelgerigte bestuur van ‘n dinamiese oueroondersteunersgroep wat spelers ondersteun en geleenthede skep.
- Addisionele astro-oefenspasie in die vorm van drag flick-nette en vaardigheidsparke.
- Die skep en verbetering van ‘n ryk tradisie waarvan elke entoesiastiese hokkiespeler deel wil wees.

KLOFIES HOKKIE

AFRIGTING

Goed gekwalifiseerde buite-afrigters en skoolpersoneel rig die spelers af. Besoek gerus ons Instagram- en Facebook-bladsy om die afrigters te ontmoet.

NAVRAE

Hokkiedirekteur: Jeanie Pienaar
jeanie.pienaar@klofies.co.za
Dogtersafrigtersprogram: Omari Pienaar Geyer astro@klofies.co.za / omari.geyer@klofies.co.za
Seunsafrigtersprogram: Mark Lamprecht mark.lamprecht@klofies.co.za

DEELNAME

Die skool neem aan derbys teen omliggende skole, asook aan die Northerns-liga deel. Afrigtingskursusse of -klinieke vir A- en B-spanne word jaarliks bygewoon. Die eerste dogterspan word na die St Mary’s Waverley Nasionale Toernooi én die St Stithians Paastoernooi uitgenooi, die o.16-dogters na die Bloemhof-toernooi, die o.15-dogters na die St Mary’s Kloof Festival en die o.14-dogters na die Roedean-toernooi. Die eerste seunspan woon die St Stithians Paastoernooi by, die o.16-seuns die Rondbosch-toernooi en die o.14-seuns die Northwood o.14-toernooi. B- en C-spanne woon Nedstar-afrigtingsklinieke by.

KOSTES

Hokkie word gratis aan die spelers verskaf en sluit onder andere buite- en voorseisoen groepafrigting, gerigte spanafrigting gedurende die seisoen, intensiewe een-tot-eenafrigting vir doelwagters, hoëprestasieafrigting Woensdagoggende voor skool en kondisioneringsafrigting in.
Daar is wel koste aan addisionele elite-afrigting (Vrydagoggende) en vir individuele afrigting verbonde.

OEFENTYE

Alle A- en B-spanne oefen volgens ‘n rooster wat maksimum astro-geleentheid vir alle spanne bied. C-spanne oefen een sessie op die mini-astro en die ander sessie op die grasveld. Doelwagters oefen in een-tot-eensessies op die mini-astro.

#grensloos